Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 24 JANUARIE 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE

Die voorsitter doen 'n voorlegging aangaande die droogtekrisis en bevestig dat die Voëlvleidam se damvlak op 18,8% is. Dag Zero – wanneer die 12% vlak bereik word, en water nie meer die munisipale suiweringswerke kan bereik nie – word teen einde Maart 2018 beraam.

Die rammplan vir kritieke watertekorte wat in drie fases opgedeel is, word verder verduidelik. Tans word fase 1 toegepas wat behels vlak 5-waterbeperkings, die instelling van straftariewe en boetes, bewusmakingsveldtogte en tegniese ingryping, ondermeer waterdruk- en watervloeibestuur, aanbring van boorgate, die installering van waterbestuurtoestelle om waterverbruik te beperk, en intervensies om toegang tot die oorblywende watervoorraad onder 12%-vlak van die Voëlvleidam te verkry.

'n Opdrag/...

3.1/...

'n Opdrag is ontvang om waterverbruik per persoon per dag vanaf 60kl na 50kl te verminder, wat meebring dat munisipale drinkwater slegs vir noodsaaklike behoeftes gebruik sal kan word.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 6 DESEMBER 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 6 Desember 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 DESEMBER 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Desember 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. NOVEMBER 2017

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 2 word ingesluit in die Halfjaarlikse Prestasie- en Begrotingsevalueringsverslag wat op 31 Januarie 2018 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter gee geleentheid vir die bespreking van die verslag en word –

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die tydperk November 2017.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter gee geleentheid vir die bespreking van die verslag en word –

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk November 2017.

6.3 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.3.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

6.3.2 BRANDWEERDIENSTE

Die voorsitter gee geleentheid vir die bespreking van die verslag.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, meld dat die uitslag van gesprekke met die Provinsiale Regering aangaande die agentskapbasis waarop verkeersdienste gelewer word, tydens die volgende maandverslag voorgelê sal word.

Die maandelikse verslag aangaande die lewering van Brandweerdienste sal aangepas word om aan te dui by watter brandbestrydingsaksies die Weskus Distriksmunisipaliteit betrokke was.

6.3/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk November 2017.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-2)

Die voorsitter gee geleentheid vir die bespreking van die verslag.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk November 2017;

(b) Dat, op versoek van die voorsitter, die moontlikheid ondersoek word om 'n verpligting op te lê dat gryswaterstelsels by nuwe bouwerke geïmplementeer moet word.

7. NUWE SAKE

7.1 VOORLEGGING VAN JAARVERSLAG: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die 2016/2017 Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die konsep jaarverslag is gedurende Desember 2017 aan beide die Ouditeur-Generaal en Provinsiale Tesourie voorsien vir kommentaar en is die insette wat ontvang is reeds bygewerk.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2018)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2016/2017 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2018 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2018 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 29 Maart 2018.

7.2 HOË VLAK VERSLAG RAKENDE GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE 2016/2017 (5/1/2-2016/2017)

Die verslag tot die sakelys bevat 'n hoëvlak opsomming van die geouditeerde finansiële state vir die 2016/2017 finansiële jaar, met spesifieke verwysing na Aanhangsel A wat die ratios en operasionele resultate van die 2016/2017 finansiële jaar bevat.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag rakende die geouditeerde Finansiële State vir die 2016/2017 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2016/2017 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds:	R 45 034 716
Voosiening vir slegte skuld:	R 20 288 449
Verlofgratifikasie:	R 1 497 790
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 543 976
Voorsiening vir na-aftrede:	R 2 663 088
Totaal:	**R 70 028 019**

(c) Dat die onderstaande ongemagtigde uitgawes verwys word na die Aansuiweringsbegroting van 2016/2017 vir goedkeuring ingevolge Artikel 32 van die MFMA;

Ongemagtigde Uitgawe: Bedryf

(a) Finansiële Dienste:	R 2 417 678
(b) Beskermingsdienste:	R 220 481

Ongemagtigde Uitgawe: Kapitaal

(a) Raad	R 23 209

(d) Dat kennis geneem word dat die vrugtelose en verkwiste uitgawe verhaal is, behalwe die skoonmaak van die Erf (R2 242.50) waar ons in afwagting van die ondersoek is en die uitstaande bedrag (opgerond na R1 422.00) in proses is om afgetrek te word;

(e) Dat kennis geneem word dat die ongemagtigde uitgawe van R60 973.00 van die Versekering geëis is.

7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2017/2018 JAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/4)

Die voorsitter versoek die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton, om die verslag te behandel en noem lg. die wetlike vereistes waaraan 'n aansuiweringsbegroting moet voldoen.

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld dat aan die hand van die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasie-evaluasie en die uitkomste van vorige Ouditverslae, die 2017/2018 Aansuiweringsbegroting aan alle wetlike vereistes voldoen.

Tydens die Begrotingsbeheerkomiteevergadering is die 2017/2018 Aansuiwerings-kapitaal- en bedryfsbegroting beoordeel en oorweeg, en as volg aanbeveel aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee –

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Januarie 2018)

(a) Dat kennis geneem word van die vergadering van die Begrotingsbeheerkomitee waartydens die verduidelikings en motiverings van die finansiële personeel en ander direkteure ten opsigte van die Jaarlikse Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting vir 2017/2018 oorweeg is;

7.3/...

(b) Dat kennis geneem word dat die wysigings aan die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar nie, maar wel lei tot ‘n verhoging in die begrote surplus vanaf R30 482 818 na ‘n begrote surplus van R58 424 095;

(c) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is t.o.v. die 2016/2017 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2017 en uiteengesit in Bylae B;

(d) Dat die ongemagtigde bestedings soos vervat in die verslag ingevolge artikel 32 van die MFMA na die 2017/2018 Aansuiweringsbegroting verwys word vir goedkeuring;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word, sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2017/2018 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	**Jaarlikse Aansuiweringsbegroting**
Kapitaalbegroting	R81 242 586	R100 373 122
Bedryfsuitgawe	R664 697 875	R668 442 676
Bedryfsinkomste	R695 180 693	R726 866 771
Begrote Surplus/ (Tekort)	R30 482 818	R58 424 095
Kapitaal Toekennings	R35 075 916	R50 690 842
Surplus/(Tekort)	(R4 593 098)	R7 733 253

7.4 WYSIGING VAN KPI’S EN TEIKENS VIR 2017/2018 (2/4/2)

Die noodsaaklikheid om van die sleutelprestasie-aanwysers (KPI’s) en teikens te wysig het gedurende die eerste semester van die 2017/2018 finansiële jaar aan die lig gekom. Sodoende sal die KPI’s en teikens meer duidelik omskryf word en ook meer realisties wees.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat die wysigings in KPI’s en teikens gemik is om Swartland Munisipaliteit te beweeg vanaf “good” na “great”. Die feit dat prestasiebonusse nie ter sprake is nie, gee geleentheid om te fokus op innoverende prestasieteikens en die bereiking daarvan.

Die gewysigde KPI’s en teikens is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI’s) en teikens goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2017 (terugwerkend).

7.5 WYSIGING VAN DIE 2017/2018 MIG PROJEKTE IMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die gedetailleerde Projek Implementeringsplan (DPIP) ten opsigte van goedgekeurde MIG-projekte in die 2017/2018 finansiële jaar is einde Mei 2017 aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake deurgegee.

Wanneer die werklike implementering en projekkostes van MIG-projekte afwyk van die DPIP-plan, moet die wysigings aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word vir goedkeuring.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die tenders ten opsigte van MIG-projek CS/WC/1265/15/18: Nuwe Sportgronde, Chatsworth, laer ingekom het as wat verwag is, wat ‘n besparing van R924 630.00 vir die 2017/2018 finansiële jaar op die geskatte totale projekkoste meebring;

(b) Dat kennis geneem word dat ten einde 100% MIG-spandering te bewerkstellig, die besparing van R924 630.00 oorgedra word na ’n reeds goedgekeurde MIG-projek en dat die 2017/2018 DPIP dienooreenkomstig gewysig word;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende projekte in die gewysigde DPIP vir 2017/2018 opgeneem word:

Nr	Projek	Begroting
1	Rehabiliteer Water Netwerke *(WC1287/W/14/17)*	R 3 989 630.00
2	Malmesbury De Hoop: Nuwe Reservoir *(WC/1649/W/16/19)*	R 537 531.00
3	Malmesbury De Hoop: Eksterne Riool *(WC/1650/S/16/20)*	R 10 833 184.00
4	Nuwe Sportgronde: Chatsworth *(WC1605/CF/16/18*)	R 5 547 655.00
5	Riebeek-Wes IRDP: Eksterne Stormwater *(ST/WC/14499/17/19)*	R 700 000.00
	Total	**R 21 608 000.00**

(d) Dat die gewysigde DPIP aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake voorgelê word.

7.6 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2017 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Oktober 2017 tot 31 Desember 2017, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.7 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 FEBRUARIE 2018 (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ’n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2018)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die wysigings aan die organisatoriese struktuur ten opsigte van die Direktoraat: Beskermingsdienste en die Direktoraat: Korporatiewe Dienste aan die Raad aanbeveel vir implementering met ingang van 1 Februarie 2018.

7.8 GOEDKEURING VAN MENSLIKE HULPBRONNE PLAN VIR 2017-2022 (2/B)

SALGA het gedurende 2015 ’n landswye veldtog onderneem om ‘n profiel op te stel van elke munisipaliteit se kapasiteit om doeltreffende Menslike Hulpbronne Dienste te lewer. Die profiel is opgestel aan die hand van 12 elemente wat waarde kan toevoeg tot hierdie diens.

Die aangehegte Menslike Hulpbronne Plan vir 2017-2022 dien as ’n strategiese dokument om meetbare doelwitte daar te stel ten einde te verbeter op die resultate van SALGA wat weer ’n evaluering gedurende 2018 sal onderneem.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Menslike Hulpbronne Plan vir die periode 2017 tot 2022 goedkeur in lyn met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.

7.9 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (5/14/3/5)

’n Trekker, CK 32577, was gelys op die kapitaalbegroting vir vervanging gedurende die 2017/2018 finansiële jaar. Daar is egter nagelaat om die trekker op die lys van uitgediende bates te plaas wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in November goedgekeur is. Die trekker is wel op die openbare veiling op 30 November 2017 verkoop.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die foutiewe uitsluiting van trekker, CK 32577, op die lys van uitgediende bates vir die openbare veiling soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat voormelde item ingesluit word op die lys van uitgediende bates ten einde die administratiewe proses te volvoer, onder andere, die verwydering van die bate vanaf die bateregister.

7.10 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD: DESEMBER 2017 – BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/1/1)

Die volledige verslag ten opsigte van oninbare skulde van deernishuishouding en ander debiteure het op 15 Desember 2017 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien, waarna sekere aksies nog volvoer is, byvoorbeeld sosio-ekonomiese ondersoeke by deernishuishoudings.

Die item het ten doel om die werklike bedrag wat afgeskryf is ten opsigte van oninbare skuld aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê.

Besluit/...

7.10/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R1 233 441.29 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R641 451.21 beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –

(i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 5: Deernisondersteuning van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid); of

(ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of

(iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

(c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2017 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton, noem dat die verandering in bankdienste vanaf ABSA na Standard Bank met ingang van 1 Julie 2017 groot uitdagings gebied het, en baie van die Munisipaliteit se kliënte nie ag geslaan het op kennisgewings in hierdie verband nie. Gevolglik het kliënte op die afsnylyste beland wat wel hul munisipale rekening betaal het, maar in die verkeerde ABSA bankrekening wat reeds gesluit was. Daar is gepoog om soveel as moontlik van hierdie gevalle te identifiseer en vanaf die afsnylyste te verwyder.

BESLUIT

Dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2017.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat op 'n jaarlikse basis by wyse van 'n openbare mededingingsproses vir akkerboudoeleindes beskikbaar gestel word.

7.13/...

Die tender sal slegs toegeken word, hetsy ten behoewe van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre- of kulturele aktiwiteite gemoeid is.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir ‘n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2018;

(b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om ‘n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en ‘n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;

(d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: BEROEPSERTIFIKAAT: BIBLIOTEEKASSISTENT (4/6/2)

Die opleiding en ontwikkeling van personeel is een van die sleutelfunksies van die Munisipaliteit.

Vier van die biblioteekpersoneel is genomineer om opleiding te ontvang as Biblioteekassistente. Daar is slegs een diensverskaffer wat volle geakkrediteerde opleiding in hierdie verband kan voorsien.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die aanstelling van *Universal Knowledge Software (Pty) Ltd* vir die verskaffing van die Beroepsertifikaat: Biblioteekassistent aan vier werknemers en dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(b) Dat die volgende rede as afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures voorgehou word:

- *Universal Knowledge Software (Pty) Ltd* is die alleenverskaffer wat volle geakrediteerde opleiding oor ‘n tydperk van 12 maande kan aanbied in die verkryging van ‘n Beroepsertifikaat: Biblioteekassistent;

(c) Dat opleiding aangebied sal word ten bedrae van R143 510.04 (14% BTW ingesluit) en verreken word uit posnommer 11-48-52-00-3428 (Opleiding: Vaardigheidsontwikkeling) in die 2017/2018 begroting;

(d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 VERLENGING VAN VERKLARING VAN ‘N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot ‘n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

7.15/...

Die aanvanklike verklaring is geldig vir ‘n periode van drie maande, waarna dit op ‘n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is ‘n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot ‘n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaard-gaande water skaarste verleng vanaf 8 Februarie tot 9 Maart 2018;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER